

# PULA IMVULA

GROWING FOOD • PEOPLE • PROSPERITY



*Grain SA/Sasol fotokompetisie – Tiani Claassen*

## BOERDERYKENNIS IS KRAG

IE OES IS KLAAR...MAAR ONS WERK IS NOG NIE KLAAR NIE! ELKE PROJEK HET 'N SIRKEL EN DIESELFDE GELD VIR ONS SEISOENALE AKTIWITEITE OP DIE PLAAS. WANNEER JY AAN DIE BEGIN VAN DIE SEISOEN BEGIN OM 'N LAND MET GRAAN AAN TE PLANT VIR KOS EN/OF WINS, BEGIN JY MET 'N NUWE PROJEK.

Die projekbestuursproses vir die 2018/2019-seisoen is nie voltooi tot dat elke laaste aktiwiteit afgemerk kan word as afgehandel en 'n na-oes monitering en evaluering uitgevoer is nie. Trouens, geen boer moet 'n nuwe seisoen begin sonder om die laaste projek deeglik te evalueer nie. Dit

Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Stuur 'n e-pos na [jenjonmat@gmail.com](mailto:jenjonmat@gmail.com)



is een ding om 'n plan te maak; maar nogal 'n ander ding om dit in werking te stel en seker te maak dit werk. Beheer oor jou boerderyonderneming is noodsaaklik en na-oes evaluering en meting help jou om te kyk of daar vordering gemaak is en of dit nodig is dat jy aanpassings moet maak.



## 'n BOODSKAP DEUR...

### Johan Kriel

**D**IE 2018/2019 SEISOEN WAS 'N MOEILIKE EEN. DIE REËN HET WEGGEBLY EN DIE TYD VIR PLANT HET STADIG VERBYGEGAAN. TOE KOM DIE REËN. RIVIERE EN STROME HET GEVLOEI, DAMME HET VOL GEWORD EN OORGELOOP. DIE RYP HET WEGGEBLY. DIE BOERDERYWÈRELD IS 'N VREEMDE EN WONDERLIKE EEN. NOOT 'N VERVELIGE OOMBLIK NIE.

Boere, kyk na bo, buig julle knieë en dank God vir die voorreg om die geleentheid te hê om die grond te kan bewerk. Behandel die grond met respek en dit sal tienvoudig teruggee.

Die volgende idees wat ek wil deel, is gedruk op 'n klein knipbord wat ek op 'n Boeredag ontvang het. Dit het die logo's van Bayer en Graan SA op. Dit word genoem: **Boublokke vir WINSGEWENDHEID**.

**1. Beplanning:** Waarop sal ek vandag my besluite baseer? Neem die emosie uit finansiële besluite. Moet nie dat jou hart jou lei nie, maar jou kop. Druk (finansiell) kan jou dwing om paniekerig te raak en om fokus te verloor.

**2. Boerdery gebeur in sikkusse:** Is ek in lyn met die ritme van my besigheid? In die Bybel, Prediker 3, is dit geskryf: Vir alles is daar 'n seisoen, 'n tyd om te plant en 'n tyd om te oes. Berei jou grond betyds voor. Plant betyds. Spuit in tyd. Oes in tyd. Plaas die bul betyds by die koeie. Neem die bul betyds weg. Speen op die regte tyd. Verkoop wanneer die prys reg is. Vind die goue ewewig van jou plaas en hou daarby.

**3. Fokus op buigsaamheid:** Op hoeveel bene staan my besigheid? Moenie al jou eiers in een mandjie plaas nie. Wees voorbereid om nuwe tegnologie te gebruik, maar slegs as jy dit verstaan, dit kan bekostig en indien dit waarde sal toevoeg tot jou besigheid. Vra die vraag: Waarmee is ek goed? Hou daarby, maar doen dit nog beter.

**4. Samewerking:** Hoe kies ek my vennote? Die mense wat my ondersteuningsbasis vorm, insetverskaffers, finansiële instellings, individue met wie ek my tyd spandeer. Onderskei tussen geraas en musiek. Onthou dat praat goedkoop is. Dade praat harder as woorde. Dit gaan alles oor die toevoeging van werklike waarde tot jou lewe en jou besigheid.

**5. Verhoudings:** Watter soort ervenis sal ek agterlaat? Het ek die wêreld 'n beter plek gelaat of het ek skade gedoen aan dit wat aan my toevertrou was? Het ek gestaan vir harde werk, eerlikheid, integriteit, liefde en respek vir die grond waarop ek geboer het? Hoe het ek die mense rondom my behandel? Het alles gegaan oor selfverryking en myself, of het ek op 'n klein wyse die kwaliteit van die lewens van my werkers, familie en bure verbeter?

Boerdery is soveel meer as om net die lande te bewerk. Boerdery is 'n spesiale geskenk wat aan 'n paar uitgesoektes gegee is. Dit is jou verantwoordelikheid: Grondbesitter, voedselfproducent, boer, werkgewer, grootouers, ouers, plaaskind, om die wêreld aan te hou voed, om verantwoordelik te wees vir jou grond, om dit beter te maak vir die generasies wat sal volg. Jy is die verlede, die hede en die toekoms. Mag God jou seën en jou veilig hou. ■

## Boerderykennis...

Hierdie "beheer" word bestuur deur sleutelprosesse soos praktiese instandhouding van jou gereedskap en hulpbronne, rekordhouing van alle aspekte van die onderneming en analise en regstelling waar nodig om die volhoubaarheid van die onderneming te verseker.

### BELANGRIKE NA-OES AKTIWITEITE VIR BOERE

#### Graanbemarking en berging

Die werk eindig nie op die dag waarop die laaste mielies geoes is nie, dit is op 'n sekere manier wanneer die besigheidkant van die projek begin. 'n Boer moet die opbrengs evaluer en besluite neem oor die bemarking en berging van die oes. Weet jy dat een van die mees ernstige opbrengsverliese in ontwikkelende lande plaasvind weens na-oes verliese?

Alhoewel mielies vir 'n lang tydperk in onbewerkte vorm gestoor kan word, moet dit veilig gehou word van knaagdiere en plae en dit moet teen vog beskerm word. Muf ontstaan as die graan nie droog genoeg was tydens oes nie, of as dit aan hoë humiditeit of vog blootgestel word as gevolg van swak bergingsbestuur. Swaminfeksie veroorsaak dat dit vrot en ook die ontwikkeling van aflatoksiene wat giftig is vir vee en kan selfs ernstige gesondheidswessies vir mense veroorsaak. Die risiko's van tuisopbergung moet gemeet word teen die koste van die stoor van mielies by 'n silo waar die graan vir jou veilig gehou word.



*Kennis is mag en dit kan gehoorsaamheid tot stand bring. 'n Man wat kennis besit, kan in sy leeftyd deur mense gehoorsaam en gevolg word en na sy dood geprys en vereer word. Onthou dat kennis 'n regeerde is en rykdom sy onderdaan. – Ancient wisdom*



#### Landbestuur

Besoek jou lande. Gaan jy vee laat wei op die reste wat op die grond gelaat word, of gaan jy die plantmateriaal gebruik om die gesondheidstatus van jou grond op te bou? Indien jy nie die mieliestronke gaan gebruik nie, is daar 'n risiko dat wind die waardevolle organiese materiaal kan wegwaai, daarom moet jy oorweeg om dit in te sny, sodat dit nie verlore gaan nie. Evaluer ook die grondgesondheid deur gebruik te maak van die strategieë wat jy geleer het, insluitende vogvlakte, grondmonsterneming en die onkruidbank. Besluit wat die volgende prosesse op die land sal wees en hoe jy die land die beste sal bestuur.

#### Instandhouding – veilige berging van gereedskap

Neem die tyd om al die toerusting wat jy tydens die oesproses gebruik het, te stoor of te diens. Die trekkers moet gediens en skoongemaak word. Jou oestoorusting moet skoongemaak, gesmeer en veilig gestoor word totdat jy dit nodig het. Dit is ideaal om reeds na die oes met 'n instandhoudingsprogram te begin, aangesien die probleme wat jy ervaar het, nog vars in jou gedagtes sal wees en jy aandag kan gee aan die swak areas. Hou rekord van jou instandhoudingsprogram sodat jy altyd presies weet wanneer jou voertuie en gereedskap laas gebruik is.

## Analise – lesse geleer

Omdat boerdery gekoppel is aan die beweging van die seisoene, is projekbestuur uitdagend. Dit is redelik normaal dat 'n boer steeds die laaste toue probeer bymekaar bring aan die einde van een seisoen, terwyl hy reeds met die volgende seisoen begin.

Die oes is nog nie verkoop nie en hy is bekommerd oor die financiering van volgende seisoen se insette, die voorbereiding van die lande en die bestelling van insette vir die volgende siklus. Dit is baie maklik om meegesleur te word na nuwe seisoenaktiwiteite en daarna die KRITIESE proses van ANALISE en ASSESSERING na elke siklus te verwaarloos. Dit is moeilikhed soek en kan 'n boer in 'n skuld lokval lei.

Rekords word gehou vir drie hoofredes:

1. Om prestatie te meet.
2. Om toekomstige besluite te lei.
3. Om akkurate data te verskaf. Rekords moet die sterkpunte van jou besigheid openbaar en help om swakpunte te identifiseer wat regstelling nodig het.

Goeie plaasrekords moet hê:

- 'n Doel;
- maklik wees om te hou; en
- op datum wees.

## WAT MOET ONS AANTEKEN?

Die ware maatstaf van die waarde van enige sakeleier en bestuur is prestaties!

- **Finansiële rekords** – dit is die inligting wat jy moet voorseen aan jou boekhouers. Die inligting sal jou 'n idee gee van jou hele boerdery se winsgewendheid oor 'n spesifieke tydperk.
- **'n Kontantontledingsboek** – waar jy al jou kwitansies en uitgawes byhou.
- **'n Lys van debiteure en krediteure** – dit sal jou gou herinner wie jou geld skuld – en aan wie jy geld skuld.
- **Waardasies** – ons moet die waarde van elke bate op ons boeke ken. Dit sluit in grond, voertuie, trekkers en implemente, vee en onverkooppte gewasse.
- **Ondernemingsuitsette** – dit is 'n rekord van die finansiële uitset van elke gewas, of lewendehawe onderneming vir elke siklus op sy eie. Hierdie inligting help die boer om die winsgewendheid van elke afsonderlike boerdery-aktiwiteit te bepaal en dan te besluit of dit die moeite wert is om daarvan voort te gaan.
- **Ondernemingskoste** – jy moet presies weet wat dit kos om 'n hektaar mielies te plant of om 'n siklus braaiukens groot te maak, deur tred te hou met die hoeveelheid geld wat gedurende die siklus aan daardie projek bestee is.
- **Arbeidskoste** – dit is moeilik om presies te wees, maar 'n mens moet arbeidsbestuur, prestatie en koste evalueer en dan vrae vra oor die doeltreffende gebruik van tyd. Is jou werkers oorwerk, onderwerk en word hulle redelik vergoed vir hul werk?
- **Masjineriekoste** – hou 'n rekordboek vir elke masjiën wat jy besit. Ken sy huidige waarde (onthou om jaarlikse waardevermindering te bereken). Teken aan wat jy spandeer op herstelwerk en ontleed brandstofverbruik, indien relevant. Dit kan jou help om dadelik te sien indien daar oormatige uitgawes en probleme is wat aandag benodig.



Finaliseer die huidige jaar se syfers eerste.



Hou die toerusting in stand op 'n gereeld basis.

- **Rekord van vee** – hou akkurate maandelikse rekords van al jou lewendehawe, teken geboorte en aankope aan, teken alle sterftes en verkope aan. Teelrekords sal jou help om die prestatie van jou koeie na te spoor, sodat jy weet watter jou beste presteerders is en watter uitgeskakel moet word.
- **Gewasopbrengste** – weet wat jou gewasopbrengs was in opbrengs/ha. Dit is die basis vir die bepaling van winsgewendheid per gewas.
- **Landrekords en rotasierekords** – hou 'n logboek van gewasse geplant op elke land sodat jy 'n geskiedenis het. Teken prosesse, byvoorbeeld ploeg-, dis-, sput- en bemestingsprogramme aan wat elke keer gevolg word. Teken datums van aanplantings en opbrengste gerealiseer aan.

As jy jouself toerus met gedetailleerde inligting oor jou boerdery-aktiwiteite, is jy bemagtig om die beste vordering te maak. Doen jouself 'n guns en neem 'n projekbestuursbenadering tot jou boerderybedrywigheede – maak nie saak hoe groot of klein dit is nie. Daar is gesê dat kennis meer waardevol is as geld – kennis kan nooit van jou weggegneem word nie – kennis is mag! ■

# KYK NA JOU MIELIEMARKTE

**H**IERDIE ARTIKEL GEE 'N KORT BLIK OP DIE INTERNASIONALE EN PLAASLIKE MIELIEMARKTE MET DIE VIERDE PRODUKSIESKATTING AS FOKUS.

## INTERNASIONALE PERSPEKTIEWE

Die produksie van mielies in 2019 sal na verwagting met 2,3% styg, na 'n afname van 1,9% in 2018, hoofsaaklik deur produksieherstel in Argentinië, Brasilië en die VSA (**Grafiek 1**). As gevolg van volgehoue groei in die vraag na voer ter wêreld, word verwag dat die gebruik

**Ikageng Maluleke, Junior Ekonoom,  
Graan SA. Stuur 'n e-pos na  
Ikageng@grainsa.co.za**



van mielies in 2019/20 die beraamde rekordvlak van die huidige seisoen met 1,7% sal oorskry.

Vir die eerste keer in ongeveer twee jaar verwag ons 'n inkrimping van ongeveer 1,6% in mieliehandel vir Junie/Augustus 2019/2020, hoofsaaklik as gevolg van 'n afname in die EU nadat hulle in 2018/2019 'n rekord aankoop gemaak het. Wêreld eindvoorraadvlakte vir 2019 sal na verwagting met 5% daal, met volgehoue onttrekkingskoerce in China wat verantwoordelik is vir die grootste afname, asook 'n voor-spelde afname in VSA voorraad.

## PLAASLIKE PERSPEKTIEF


Volgens die vierde Oesskattingskomitee verslag word verwag dat **totale mielieproduksie** 10,9 miljoen ton sal wees, met 5,48 miljoen ton witmielies en 5,41 miljoen ton geelmielies. In vergelyking met die derde oesskattings sal dit 'n toename van 244 900 ton, of 'n 3,81% en 0,81% toename in onderskeidelik wit en geelmielies wees. Oppervlakteskattings vir 2019 bly 2,30 miljoen hektaar in vergelyking met 2,31 hektaar in 2018, met 'n verwagte opbrengs van 4,74 t/ha.

**Totale vraag** na mielies word geprojekteer op 11,95 miljoen ton vir beide huishoudelike gebruik en uitvoere, met die totale vraag geprojekteer op 10,93 miljoen ton. Dit sluit hoofsaaklik menslike verbruik (5,19 miljoen ton), diere- en nywerheidsverbruik (5,48 miljoen ton), gemaalde graan (23 500 ton) en 'n verwagte uitvoer hoeveelheid van 800 000 ton geelmielies en 220 000 ton verwerkte produkte in.

**Eindvoorraad** op 30 April 2020 sal na verwagting 1,46 miljoen ton wees. Met 'n gemiddelde verwerkingskapasiteit van 891 000 ton per maand, sal ons ongeveer 50 dae se voorraad hê om die land te onderhou indien daar 'n onderbreking in aanbod is.

**Plaaslike mieliepryse:** Huidige plaaslike geelmieliepryse verhandel tussen invoer- en uitvoerpariteitsvlakke, maar nader aan laasgenoemde (**Grafiek 2**). Aangesien die rand steeds verswak en wêreldwyse mieliepryse styg, sal die uitvoerpariteitsprysvlakke ook toeneem. Safex mieliepryse vir die huidige seisoen het effens verbeter van die vorige seisoen, hoofsaaklik as gevolg van die droë toestande gedurende die plantseisoen. ■


**1 Wêreldaanbod en -vraag na mielies.**



Bron: AMIS, 2019

\*(2018/2019: Skattings; 2019/2020: Voorspelling)

**2 Pryse van VSA geelmielies gelewer in Randfontein.**





# Bestuur klimaatsverandering risiko's

**K**LIMAATSVERANDERING? IS DIT REGTIG AAN DIE GEBEUR? JA, DIT GEBEUR REGTIG EN SAL 'N GROOT INVLOED OP ELKEEN VAN ONS HÊ, SELFS ONS BOERE.

Ongelukkig beklemtoon hierdie boodskap dat die bestuursvaardighede van ons boere nog meer getoets sal word om as boer te oorleef. En dit is in kombinasie met ander aspekte van ons boerderyondernemings wat ook verander, soos bemarking, verbruikersbehoeftes en voorkeure. Sommige hiervan het ons in ander artikels bespreek. Die boodskap is baie duidelik. Om boer te wees, is baie uitdagend.

## KLIMAATSVERANDERING BESTUUR

Die doel van hierdie artikel is nie om die tegniese aspekte van klimaatsverandering te bespreek nie, maar om klem te lê op die bestuur van klimaatsverandering. Kom ons beklemtoon net die algemene konsensus, dat klimaatsverandering plaasvind. Wat is aan die verander? Alle voorspellings dui daarop dat Suid-Afrika warmer word en die gemiddelde temperatuur aan die toename is. Hittegolve sal meer gereeld voorkom en dit sal daartoe lei dat meer veldbrande gereeld voorkom. Ons land sal selfs droër word en ons sal meer droogtes, storms, hael, oorstromings, ensovoorts, ervaar. Die interessante ding is dat ons dit nog altyd in Suid-Afrika ervaar het. Die verandering wat ervaar sal word, is dat hierdie gebeure meer en meer sal plaasvind en erger van aard sal wees.

Suid-Afrika is reeds 'n droë land en die bestuur van waterhulpbronne sal meer uitdagend wees en ons sal ons gronde (lande) moet verbeter en bewaar om sodoende beter waterinfiltrasie te verseker.

## WAT KAN GEDOE WORD?

Kom ons wees prakties en kyk na moontlike aksies wat op ons plese geneem moet word om die erns van klimaatsverandering te versag. Plese verskil en streke binne Suid-Afrika verskil. Ons vertrou dat die idees sal dien as 'n stimulus om meer inligting te oorweeg en in te samel om klimaatsverandering te bestuur – dit is die uitdaging.

Eerstens, 'n paar algemene stappe om te oorweeg. Een van die belangrikste aksies om te onderneem is om slotte te bestry om die afloop van water te beheer. 'n Sloot is die gevolg van onbeheerde afloopwater en sodra dit gevorm word, word die afloop erger. Gebruik klippe, bande, selfs boomstompe, of ogiesdraadhouers gevul met klippe om die afloop van water te verminder. Moenie toelaat dat 'n pad 'n sloot word nie – beheer die afloop van die water deur waterlope te voorsien om die water in die veld in te lei.

Probeer om klein damme, soos 'n dam by 'n windpomp, te bedek om verdamping te verminder. Probeer om soveel reënwater as moontlik te oes deur water van die dakke van geboue in Jo-Jo tenks

**Marius Greyling, Pula Imvula**  
medewerker. Stuur 'n e-pos na  
[mariusg@mcgacc.co.za](mailto:mariusg@mcgacc.co.za)



te versamel. Water is 'n hulpbron wat afneem. Maak die meeste van elke druppel.

Sorg dat jy voldoende en genoeg brandbestrydingstoerusting het en voldoen aan alle brandbestrydingreëls en -regulasies. Veld wat gebrand het, het baie min plantegroei, totdat dit herstel het, om afloopwater te beheer.

Wat gewasproduksie in die algemeen betref, beplan en vestig, of herstel jou land/boorde volgens die kontoere van jou plaas. En maak behoorlike waterbane. Dit sal jou toelaat om waterafloop te beheer. Onthou, reënstorms sal volgens alle voorspellings meer gereeld en erger in Suid-Afrika wees, wat meer oorstromings tot gevolg sal hê. Dus sal die beheer van afloopwater meer en meer aandag benodig. Verbeter waterinfiltrasie op jou grond deur die toepassing van bewaringsboerderymetodes soos minimum bewerkingspraktyke en dekgewasse. Benewens die verbetering van grondgesondheid, verbeter hierdie metodes ook die waterinfiltrasie van die grond en die waterhoukapsiteit. Kies die beste droogtebestande gewasse wat beskikbaar is om te plant.

As jy ekstensief met enige vorm van vee boer, moet jy met die bes aanpasbare ras op jou plaas en area boer. Kies kleiner en die beste aangepaste diere in jou kudde. Verder moet jy boer volgens die drakrag van jou plaas en area. Oorbeweiding is een van die hoofredes vir slotte om te vorm. Hoe beter die plantbedekking op die veld, hoe minder sal die water afloop. Deurlopende oorbeweiding verminder die plantbedekking oor tyd. 'n Behoorlike weidingsstelsel moet ook toegepas word sodat die regte rusperiodes van die veld toegelaat word.

Namate die omgewing warmer word, sal dit raadsaam wees om te verseker dat jou diere behoorlike skadu het, selfs al moet jy skadu oprig. Wat droogte betref, was dit altyd raadsaam om 'n voerbank op te bou om jou basiese kudde vir minstens 'n jaar te voer. Die voerbank kan bestaan uit kuilvoer en/of hooi, of aangeplante voer soos turksvye of soutbos. Dit sal 'n groot voordeel wees om genoeg voer beskikbaar te hê om jou kudde in tye van tekorte te voer.

## SAMEVATTING

Ten slotte word klimaatsverandering en die gepaardgaande catastrofes gesien as die grootste risiko vir boere in die toekoms. As boer moet jy die uitdaging aanpak en hierdie risiko's behoorlik bestuur om te oorleef. ■

# NAMPO

## – die geheim is geopenbaar



**B**Y SY EERSTE BESOEK AAN DIE NAMPO OESDAG, HET DIE ADJUNKMINISTER VAN LANDBOU, BOSBOU EN VISSERY, SFISO BUTHELEZI, HIERDIE UNIEKE HANDELSKOU AS DIE BES BEWAARDE GEHEIM VAN DIE LANDBOUSEKTOR BESKRYF. HY HET GESÊ ELKE SUID-AFRIKANER WAT VOEDSEL VERBRUIK, MOET DIT ERVAAR.



*Louise Kunz, Pula Imvula  
medewerker. Stuur 'n e-pos  
na louise@infoworks.biz*

In Chili en Argentinië – waar hy soortgelyke skoue bygewoon het – kom die land tot stilstand om produsente te ondersteun. “Ek kan nie verstaan hoekom dit nie ook die geval in Suid-Afrika is nie,” het hy bygevoeg.

As jy een van die mense is wat 'n verskil maak aan voedselsekureit in Suid-Afrika, moet jy ten minste een keer in jou leeftyd die Oesdag besoek. Dit is die geleentheid om eerstehands te sien waaroor landbou gaan en hoe die toekoms van die landbou lyk.

### IETS VIR ALMAL

Die NAMPO Oesdag is nie net vir kommersiële en grootskaalse boere nie, maar vir almal wat passievol is oor landbou. Of jy dus 'n gewas- of veeboer is, of 'n klein groentetuyn het en 'n groot droom om uit te brei, is dit die plek om te besoek.

Boere weet dat saad lewe is en dat die regte kultivar 'n groot impak op jou opbrengs kan maak. 'n Verskeidenheid saadmaatskappye is op die terrein om advies en aanbevelings te bied, ongeag jou produksiegebied. Verskaffers wat verbind is om jou oes gesond te hou, sluit in chemiese en kunsmismaatskappye, tot grondvoorbereiding, saai-, bespuiting-, oes-, baaltoerusting en nog baie meer.

Behalwe vir 'n groot aantal klein en groot veerasse, bied dierenvoer- en dieregesondheid spesialiste hul produkte aan en deel hulle insig oor hoe om jou diere gesond te hou en mooi te laat groei. Ander veeverwante produkte sluit in hanteringstoerusting, diefstalvoorkomingsapparaat, identifikasiebandjies, en nog baie meer wat jou sal interesseer.

### WYS HOE LANDBOU ONTWIKKEL HET

'n Besoek aan die Engen Museum sal jou wys hoe ver landbouthoerusting oor die dekades gevorder het. Alhoewel die nuutste tegnologie en tegnieke soos presisieboerdery, wat gebruik maak van GPS tegnologie om doeltreffendheid en produktiwiteit te verbeter, vertoon word, word ook baie toerusting vir kleinskaalboere vertoon, want op die Oesdag maak grootte nie saak nie, landbou doen.

### NETWERKGELEENTHEDE OM HOOGTEPUNTE EN LAAGTEPUNTE TE DEEL

NAMPO is 'n gewilde bymekaarmaakplek vir mense betrokke by, of passievol oor landbou. Met meer as 81 000 besoekers sal jou pad kruis met iemand wat jou behoeftes en uitdagings deel, terwyl die 775 uitstallers (soos dit vanjaar was) jou baie geleenthede bied om oplossings vir jou probleme te vind.

Graan SA lede kan die hoogtepunte en laagtepunte van die verlede en die huidige seisoen met ander boere bespreek terwyl hulle 'n lekker kopje koffie geniet. By die Lede-saal kan jy ook die Graan SA-span ontmoet en miskien selfs advies van hulle kry om terug te neem na jou plaas.

### TEGNIOLOGIE EN INNOVRENDE DENKE OP SY BESTE

Een van die gewildste stalletjies by NAMPO Park is die een waar boere die planne wat hulle op hul plase gemaak het, kan uitstal. Soms is dit 'n baie eenvoudige oplossing vir 'n alledaagse taak, maar daar is die entrepreneurs wat verder dink en 'n groot verskil maak aan hul boerdery.

Soms lei 'n plan tot 'n besigheid, soos Michris Jansen van Rensburg ontdek het. Michris is bekend onder kleinboere. Sy Backsaver toerusting het kleinskaalboerdery na die volgendevlak geneem. 'n Besoek aan sy stalletjie sal jou opgewonde maak.

### VOEDSEL, FUNKSIE EN FOTOGEELENTHEDE

Die NAMPO Oesdag gaan egter nie net daaroor om sake te doen nie. Daar is baie geleenthede om selfies te neem, interessante demonstrasies te sien, lekker etes te eet en net pret te hê. Die datum vir die Oesdag 2020 is vasgestel: 12 tot 15 Mei. Sien jou daar!



*Benewens die statiese stalletjies, sal jy ook eerstehands kan sien hoe verskillende kultivars onder praktiese toestande by die saadproewe presteer. Ingeligte veteenwoordigers is gereed om meer inligting oor hul onderskeie kultivars te verskaf.*




**Daaglikse skaapskeer demonstrasies word uitgevoer deur sommige van die land se beste skeerders.**




**'n Lugfoto geneem op die 53<sup>ste</sup> NAMPO Oesdag wat van 14 tot 17 Mei vanjaar plaasgevind het.**



**Diere kan in gemaklike en skoon hokkies gesien word, asook tydens 'n parade soos die Chianina, een van die oudste en grootste beesrasse in die wêreld.**



**Die toekoms vir kleiner boere wat 'n trekker besit – die alles in een implement. Dieselfde raam word gebruik om te skeurploeg, dan word die skeurploeg tande verwyder en die planterkar word gehak vir plant. Daarna kan die karetjie verwyder word vir topbemesting en skoffel.**



**Die belangrikheid van beskermende klere in boerdery geniet baie aandag. By NAMPO kan verskaffers jou die nodige klere- en veiligheidstoerusting bied.**



**Skoolkinders (en volwassenes) vind die demonstrasies inspirerend.**

# PULA IMVULA

NAMPO...



## Redaksie

### GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Louw Wepenerstraat 46  
1ste Vloer  
Dan Pienaar  
Bloemfontein, 9301  
■ 08600 47246 ■  
■ Faks: 051 430 7574 ■ [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za)

### HOOFREDIAKTEUR

Jane McPherson  
■ 082 854 7171 ■ [jane@grainsa.co.za](mailto:jane@grainsa.co.za)

### REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel  
■ 084 264 1422 ■ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)

### UITGEWERSVENNOOT

INFOWORKS  
Johan Smit ■ Ingrid Bailey ■ Marisa Fourie  
■ 018 468 2716 ■ [johan@infoworks.biz](mailto:johan@infoworks.biz)



## Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

### ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Johan Kriel  
Vrystaat (Ladybrand)  
■ 079 497 4294 ■ [johank@grainsa.co.za](mailto:johank@grainsa.co.za)

### Jerry Mthombothi

Mpumalanga (Nelspruit)  
■ 084 604 0549 ■ [jerry@grainsa.co.za](mailto:jerry@grainsa.co.za)  
■ Kantoor: 013 755 4575 ■ Smangaliso Zimbili

### Jurie Mentz

Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)  
■ 082 354 5749 ■ [jurie@grainsa.co.za](mailto:jurie@grainsa.co.za)  
■ Kantoor: 034 907 5040 ■ Sydwell Nkosi

### Graeme Engelbrecht

KwaZulu-Natal (Dundee)  
■ 082 650 9315 ■ [dundee@grainsa.co.za](mailto:dundee@grainsa.co.za)  
■ Kantoor: 012 816 8069 ■ Nkosinathi Mazibuko

### Luke Collier

Oos-Kaap (Kokstad)  
■ 083 730 9408 ■ [goshenfarming@gmail.com](mailto:goshenfarming@gmail.com)  
■ Kantoor: 039 727 5749 ■ Luthando Diko

### Liana Stroebel

Wes-Kaap (Paarl)  
■ 084 264 1422 ■ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)  
■ Kantoor: 012 816 8057 ■ Hailey Ehrenreich

### Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)  
■ 082 877 6749 ■ [dutoit@grainsa.co.za](mailto:dutoit@grainsa.co.za)  
■ Kantoor: 012 816 8038 ■ Lebo Mogatlanyane

### Sinelizwi Fakade

Mthatha  
■ 071 519 4192 ■ [sinelizwifakade@grainsa.co.za](mailto:sinelizwifakade@grainsa.co.za)  
■ Kantoor: 012 816 8077 ■ Cwayita Mpotyi

### PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,  
Engels, Tswana, Sesotho,  
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is  
die mening van die skrywers en nie die van Graan SA nie.



Besoekers van buite die grense van Suid-Afrika het by NAMPO vergader. Hierdie groep boere kom uit Zambia en Zimbabwe.



'n Allis Chalmers uit 1949. Hierdie en baie ouer modelle kan gesien word by die Engen Trekkermuseum by NAMPO Park.



Case se JXT trekkers is ideaal vir klein plose. Hierdie twee-wielgedrewe Case JX45T model is eenvoudig, betroubaar en ekonomies en oortref verwagtinge, terwyl hoë brandstofdoeltreffendheid behou word.



Michris is 'n meester van handgereedskap om boere te help bespaar op handewerk. Meer as 10 000 van sy Backsaver handplanters is reeds in gebruik.

WORDS OF  
WISDOM



You get to decide where your time goes. You can either spend it moving forward, or you can spend it putting out fires. You decide. And if you don't decide, others will decide for you.

~ TONY MORGAN